# <u>Oggenddiens</u>: 16 Augustus
# <u>Leraar:</u> Johann Herbst
# <u>Tema</u>: Die Krag van wat Jy Glo

## Inleiding

**2 Timoteus 2:15**
**1 Timoteus 4:1-10**
**Efesiërs 4:12-14**

1. **Konsilie van Nicea – 325 n.C.**
2. **Geloofsbelydenis**

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.

En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het; wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, vanwaar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.

Ek glo in die Heilige Gees.

Ek glo aan ’n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges; die vergewing van sondes; die opstanding van die vlees en ’n ewige lewe.

3. **Lewende Woord – Geskiedenis**

Ons het ’n geloofsbelydenis.

## 1. God

Hier volg belangrike beginsels rondom wat ons glo:

Ons glo dat God betrokke is in sy skepping. Daarom glo ons dat Hy wonderwerke doen in die wêreld en ook dat die Heilige Gees manifesteer in die kerk deur geestelike gawes (1 Kor. 12).

Ons glo dat God goed is en daarom ook nie verantwoordelik is vir die dood, siekte en swaarkry nie. Ons glo wel dat Hy alles ten goede laat meewerk vir sy kinders (Romeine 8:28).

**1 Johannes 1:5, 1 Johannes 4:7**

Hy is die voorbeeld en die finale standaard van wat dit beteken om goed te wees en wat liefde is.

Ons glo ook dat God 1 is maar 3 persone. Die Bybel leer ons 3 dinge van God in hierdie opsig. 1) God is een God. 2) God is 3 persone (die een is nie die ander een nie). 3) Al die persone is God. Daarom is God een God maar 3 persone.

God het ook nie ’n oorsprong nie. Hy is ewig. Die Skepper van die heelal. Hy is nie geskep nie. Al 3 persone as een God het bestaan voordat die aarde bestaan het.

**1 Timoteus 6:15-16**

## 2. Openbaring van God

Christus is die perfekte openbaring van God teenoor die mens. **– Heb. 1:1-3**

Die Woord het vlees geword.

**Johannes 1:1-4 en Johannes 1:14**

Die Lewende Woord is Christus en die geskrewe Woord is wat ons vandag het.

Die Woord – 2 Tim. 3:16-17 – Die Bybel is deur God se leiding geskryf en bewaar vir die kerk. Daarom is dit noodsaaklik vir die kerk en het ook outoriteit wat nie dieselfde is as ander geskrifte nie.

Die Waarheid: is dit wat ooreenstem met wat regtig is: Ons glo dat die Bybel die waarheid behels.

## Die Evangelie

Die Goeie nuus

God, uit sy Goedheid, kom red jou.

**Efesiërs 2:4, 8-9**

**2 Tim. 1:9-10**

**Titus 3:4-6**

## 3. Die Kerk

Die kerk is God se metode en plan om die wêreld te beïnvloed. Waar mense Hom ontmoet, ontstaan daar 'n kerk. Gelowiges wat bymekaar kom.

Die Kerk se funksie en missie is sending - **Matt. 28:19-20**

1. 'die evangelisering van ongelowiges',
2. 'die planting / stigting van kerke'
3. 'die manifestasie van God se glorie en genade aan die Wêreld.

**Kenmerke van 'n ware kerk**

Johannes het ons gewaarsku dat daar baie valse profete in die wêreld is. Boonop is daar ook 'n klomp valse kerke in die wêreld vandag. Hier volg 'n paar kenmerke van 'n egte kerk van die Here:

• 'n Ware kerk is getrou om die Woord te verkondig al is dit teenstrydig met dit wat die mense verkies om te hoor.
• 'n Ware kerk verkondig die evangelie van redding deur genade alleen en deur geloof alleen.
• 'n Ware kerk bedien God in aanbidding.
• 'n Ware kerk sit tyd in om gelowiges te bedien, vir die groei van daardie gelowiges.
• 'n Ware kerk bedien die wêreld deur evangelisasie en uitreike.

**Laastens**

Ware kerk bedien tot God, tot ander gelowiges en tot die wêreld.